QRX **SASOLBURG RADIO KLUB**


**Agterblad van die** **April 2012**

## Woord van die Voorsitter

Aan die begin van elke jaar is daar miljoene mense wat 'n hele rits voornemens maak vir die jaar wat voorlê. Meeste van die voornemens is dikwels slegs "laat my goed voel" voornemens. Is jy regtig eerlik of wil jy net die mense om jou laat dink dis darem 'n gawe mens met 'n sterk wil, intussen weet ek en jy ons lieg vir onsself en ook vir mekaar. Die mees algemene voornemens is meer oefen, minder eet, ophou rook, minder drink ens. Dit wat die samelewing eintlik van jou verwag om sosiaal aanvaarbaar te wees. Hoeveel van jou voorneme het al begin realiseer en hou nog stand?

Stel liewer vir jouself realistiese haalbare doelwitte, al is dit net een. Ons is elke dag gewikkel in 'n rot resies (*ratrace*) en wie wen dit aan die einde van die jaar die vinnigste rot. Hoeveel lyke het ek en jy in 2011 agtergelaat? Ek wil 'n uitdaging vir ons elkeen stel en dit is om 2012 'n jaar van omgee te maak. Begin by jou huis, jou vriende en kollegas. Moenie oordeel en afkraak nie maar bemoedig mekaar. Ook binne die klub is dit noodsaaklik om mekaar te ondersteun. Ons hoef nie mekaar se deurdrumpels deur te trap nie, maar 'n roep of antwoord op 'n roep is altyd welkom, 'n bemoedigende SMS in moeilike tye. Dra mekaar se laste in die jaar.

Ek sien uit na die res van 2012 saam met elkeen van julle!!




**Stuur jou bydraes na…**
**ZS4SRK@GMAIL.COM**

SASOLBURG Radioklub
ZS4SRK

### Special points of interest:

- Club meeting every first Saturday of every month
- Mostly active on 145.600
- Mondays 20:00 Amateur radio in aksie en kuier
- Herhalers kry baie aandag en ons kort hande by hierdie projek
- Contests and Fieldstations
- Balance of Social and technical activities
- Friends—Old and new
- Face Book Pages daily updates

## DO YOU HAVE A CLASS B LICENSE AND YOU ARE OVER 25?

When the new regulations were published on 31 March 2011, the SARL negotiated a two year grace period for current holders of a ZU license.

The new rules do not permit anyone over 25 to hold a class B or ZU license.

If you fall under this group, please start studying for the Class A exam. October is the last one you can write before your license expires on 31 March 2013.



Amateur Radio in Aksie - Amateur Radio in Action - Are you Radio Active?

SASOLBURG RADIO KLUB

*Klubhuis : Gouwsstraat 8, Vaalpark*
Sekretaris: ZS4SRK
Posbus 28194
Sonlandpark
1944

E-mail: zs4srk@gmail.com
And on Face Book for
many event updates

**145.600 MHz Vaaldriehoek**
**145.6625 MHz (88.6Hz) N1**
**145.625 MHz (88.6Hz) N3**
**www.qsl.net/zs4srk**

# ZS6FM se sleuel sal nog lank onthou word: Quinton Jannasch

**10 junie 1938 – 7 februarie 2012**

**Slegs 'n paar maande sedert ons van Gerald ZS6IG se heengaan rapporteer het, het ons nog 'n ou en geliefde vriend verloor. Quinton laat sy geliefde vrou Joey, Erich en Lize agter.**

Dit ook slegs 'n maand nadat Erich se broer Neels ook skielik aan 'n hartaanval beswyk het. Die gesin en familie Jannasch het van regoor die land saamgetrek op 12 Februarie om mekaar vertroosting to kom bied.

Oom Quintin se amateur loopbaan het in die middel sewentigs afgeskop met HF en later VHF werk. Sy vriendskap met die STB manne in die Vaaldriehoek het hom geliefd gelaat in die gemeenskap. Sy opleiding ervaring en ook die reguit en ernstige aard het hom 'n reputasie van eerbaarheid gegee. Baie van ons ouer amateurs het hom geken as 'n vriend en kon enige tyd van hom lekker raad kry rondom amateur radio.

Sy voorreg en nalatenskap word in sy seun Erich ZS4VW voortgedra. Erich is baie bly dat hy sy lisensie en ook gereeld met sy Pa gesels het oor die lug die afgelope twee jaar. Ons jong amateurs onthou nog die sagte roep en geduldige en tog lewendige gesprekke op 'n Sondag voor die klub bulletin wanneer oom Quinton vir Erich roep en hulle dan nog rondtes deur die week ook geneem het.


Al was sy stem sag, het sy gesprek lewe op ons herhaler gebring.



QUINTON, IN GELUKKIGER DAE...



AUDI MET DIE KENMERKENDE 2M ANTENNA



VLNR: NEELS, QUINTON, LIZE, ERICH DRIEKIE
VOOR: JOEY EN HENNIE (1998)

73, OOM QUINTON!

**Amateur Radio in Aksie - Amateur Radio in Action - Are you Radio Active?**

# SASOLBURG RADIO KLUB


***Klubhuis : Gouwsstraat 8, Vaalpark***
Sekretaris: ZS4SRK
Posbus 28194
Sonlandpark
1944

E-mail: zs4srk@gmail.com
And on Face Book for many event updates


**145.600 MHz Vaaldriehoek**
**145.6625 MHz (88.6Hz) N1**
**145.625 MHz (88.6Hz) N3**
**www.qsl.net/zs4srk**

| Naam / Name | Roepsein / Callsign | Portefeulje / Portfolio | Tel. nr / Tel. no. | E-pos / E-mail |
|---|---|---|---|---|
| Gideon Jannasch | ZS4GJA | Voorsitter / Chairman | 083 446 0007 | gjan@telkomsa.co.za |
| Peet Pretorius | ZS4VP | Ondervoorsitter / Vice-chairman | 082 779 0071 | peetpret1@mweb.co.za |
| VAKANT | | Sekretaris / Secretary | | zs4srk@gmail.com / zs4srk@qsl.net |
| Amanda Greeff | ZR6AGS | Tesourier / Treasurer | 082 253 4234 | z4srk@gmail.com |
| Riaan Greeff<br>Erich Jannasch | ZS4PR<br>ZS4VW | Redakteur / Editor QRX<br>Redakteur / Editor QRX | 083 581 8569<br>082 377 0695 | Zs4pr@qsl.net<br>erichzs4vw@gmail.com |
| Johan Steyn | ZS4SS | Tegnies & Herleiding | 072 199 1312 | techser@absamail.com |
| Frans Durand | ZS4FD | Tegnies | 083 521 9360 | |
| Ockerd Taljaard | ZS6LZ | Tegnies: Bestuurder | 016 976 4159 | otaljaard@telkomsa.net |
| Frik Wolff | ZS6FZ | Tegnies | 083 641 0487 | Zs6fz@webmail.co.za |




SARL HF Veld dag oor die naweek van 10-12 Februarie 2012 het weer heerlike ontspanning en inspanning verskaf! Ons het by Udolvo oord buite Parys gaan kamp. Die geriewe is uitstekend. Die weer het goed saamgespeel en die operateurs is laaaank op die lug gehou met goeie en kompeterende stasies wat al die bande bedrywig gehou het. Die reëls het verander, die kontak sisteem was "anders" en tog het almal dit gate uit geniet. Ons is oortuig die klub het nou 'n uitstekende nuwe kamp plek vir die volgende kamp in November wanneer ons die tweede been van hierdie gewilde kompetisie gaan aandurf.

Deur die loop van die jaar is ons klub betrokke by verskeie kompetisies. Kontak Peet om uit te vind hoe jy die klub naam kan hoog hou! Moenie die speel misloop nie!

**Amateur Radio in Aksie - Amateur Radio in Action - Are you Radio Active?**

**SASOLBURG RADIO KLUB**

***Klubhuis : Gouwsstraat 8, Vaalpark***
Sekretaris: ZS4SRK
Posbus 28194
Sonlandpark
1944

E-mail: zs4srk@gmail.com
And on Face Book for many event updates

**145.600 MHz Vaaldriehoek**
**145.6625 MHz (88.6Hz) N1**
**145.625 MHz (88.6Hz) N3**
**www.qsl.net/zs4srk**

# Jaco ZS6PX slaan 'n slag op VHF met PEARS

**Individuele lede van die Sasolburg Radio klub het die jaargoedafgeskop met deelname in die eerste SARL kompetisie vir 2012.**

Die PEARS Nasionale VHF/UHF kompetisie het begin op Vrydag 20 Januarie 2012 om 18:00 met die eerste been van die kompetisie wat eindig op Saterdag om 16:00. Die tweede been vind plaas vanaf 16:01 tot Sondag om 14:00. Die kompetisie het ten doel om lang afstand kontakte te maak op VHF en UHF bande en alle modes kan gebruik word tydens die kompetisie.

Peet ZS4VP en Jaco ZS6PX het beplan om deel te neem aan die kompetisie vanaf 'n koppie in die Barrage distrik, maar weens die weervoorspelling van reën en donderstorms het hulle besluit om nie die noodlot uit te tart nie . Daar is toe van hulle onderskeie wonings af deelgeneem aan die kompetisie.

Ons gaan bietjie inloer by Jaco ZS6PX se beplanning en ervaring tydens die kompetisie. Hennie ZS6HLR se toring is beskadig toe dit laat sak is en een van die kabelmeganismes gebreek het. Jaco het hom nie laat afsit deur sy omstandighede nie en het 'n 8.5 meter teleskopiese mas gebruik met 'n 12 element "ZS Special" 2m en 'n 3 element 6m antenna ongeveer 6.5 meter hoog. Jaco het later op navraag gesê die opset het soos stroop geloop en sommer baie vinnig is verskeie kontakte gemaak.

Modes wat gebruik was in die kompetisie was SSB, FM, FSK441, JT65A, JT65B,ISCAT. Die sagteware program WSJT was aangewend. Dit kan gratis van die web afgelaai word. Baie langafstande kan gewerk word deurmiddel van Meteoor uitbarstings wat dit moontlik maak om die ander stasie te werk.

Van die langafstand kontakte wat hy gemaak het tydens die kompetisie is op 6m FSK441, 1224 km en 2m FM, 346 km.

Jaco het die kompetisie baie geniet en sien uit na die volgende VHF UHF kompetisie gedurende Maart 2012 en is reeds besig om sy toerusting en antennas te verbeter. Sy boodskap aan al die ander klublede en amateurs is dat 'n mens met die basiese toerusting goed kan vaar in die VHF/UHF kompetisie en moedig lede aan om deel te neem.

'n Foto van Jaco se basiese antennas wat gebruik was in die kompetisie met 'n totalehoogte van net 8.5 meter.

Saamgestel deur Peet ZS4VP



Natuurlik is hierdie nie die enigste geleentheid wat die klublede gebruik het om op VHF te gaan speel nie! September 2011 was Hennie ZS6HLR, Peet ZS4VP en Riaan ZS4PR braaf genoeg om die kop in die Barrage distrik te trotseer vir die SARL BHF/UHF kompetisie. Hulle behaal verskeie toekennings en die verste stasie was ZS6WAB. Die ligging van die stasie het bewys dat indien die hoek van 'n yagi-antenna te skerp is, dit kan lei tot groot konsternasie! Die antenna wat die beste veelsydigheid gehad het, was die 2m vertikaal en die 6m j-paal ontwerpe. Baie geluk met die tweedeplek wat behaal is manne!



Amateur Radio in Aksie - Amateur Radio in Action - Are you Radio Active?

# SASOLBURG RADIO KLUB

*Klubhuis : Gouwsstraat 8, Vaalpark*
Sekretaris: ZS4SRK
Posbus 28194
Sonlandpark
1944

E-mail: zs4srk@gmail.com
And on Face Book for many event updates

**145.600 MHz Vaaldriehoek**
**145.6625 MHz (88.6Hz) N1**
**145.625 MHz (88.6Hz) N3**
**www.qsl.net/zs4srk**

| | Lede - Verjaarsdae en huweliksherdenkings (eerste 6 maande) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Januarie:** | 06-Jan | Lida Roodt | Verjaarsdag | Dogter van Michal Roodt ZS6BHF | |
| | 06-Jan | Jannie Swanepoel ZS6ZYM | Verjaarsdag | | ZS6ZYM |
| | 07-Jan | Marie Preston ZU4MA | Verjaarsdag | LV van Marius Preston | ZU4MA |
| | 11-Jan | Corné Taljaard | Verjaarsdag | Spruit van Ockerd ZR6ZL en Corrie Taljaard | ZS6LZ |
| | 11-Jan | Frans Durand | Verjaarsdag | | ZS4FD |
| | 17-Jan | Miki Greeff | Verjaarsdag | Dogter van Riaan ZS4PR en Amanda ZR6AGS | ZS4PR |
| | 01-Jan | Ria Pretorius | Verjaarsdag | LV van Peet Pretorius | ZS4VP |
| | 22-Jan | Jaco Le Roux | Verjaarsdag | | ZS6PX |
| | 23-Jan | Lorna Immelman | Verjaarsdag | LV van Gary Immelman | ZS6YI |
| | 25-Jan | Marie Steyn | Verjaarsdag | LV van Johan Steyn ZS4SS | ZS4SS |
| | 26-Jan | Johan Steyn ZS4SS | Verjaarsdag | | ZS4SS |
| | 28-Jan | Butch Blignault ZS6XB | Verjaarsdag | | ZS6XB |
| | 31-Jan | Gary Immelman ZS6YI | Verjaarsdag | | ZS6YI |
| | 31-Jan | Erich Jannasch ZS4VW | Verjaarsdag | | ZS4VW |
| **Februarie:** | 04-Feb | Gary en Lorna Immelman | Huweliksherdenking | | ZS6YI |
| | 06-Feb | Frik Wolff ZS6FZ | Verjaarsdag | | ZS6FZ |
| | 06-Feb | Corné Cronjé ZU6C | Verjaarsdag | | ZU6C |
| | 15-Feb | Petro Roodt | Verjaarsdag | LV van Michael ZS6BHF | ZS6BHF |
| | 19-Feb | Marissa Greyling | Verjaarsdag | Dogter van Jaco ZS6JCO en Maryka ZU6MG | ZS6JCO |
| | 19-Feb | Chané Jonker | Verjaarsdag | Dogter van Ian Jonker ZS4JIK | ZS4JIK |
| | 24-Feb | Jaco ZS6JCO en Maryka ZU6MG | Huweliksherdenking | | ZS6JCO |
| | 27-Feb | Maryka Greyling | Verjaarsdag | | ZU6MG |
| | 28-Feb | Jannie ZS6ZYM en Sanet ZS6ZM | Huweliksherdenking | | ZS6ZYM |
| | 28-Feb | Natalie Immelman ZR6YI | Verjaarsdag | Dogter van Gary en Lorna Immelman | ZR6YI |
| **Maart:** | 01-Mar | Isebel Le Roux | Verjaarsdag | Dogter van Jaco ZS6PX en Hester Le Roux | ZS6PX |
| | 05-Mar | Ian Jonker ZS4JIK | Verjaarsdag | | ZS4JIK |
| | 11-Mar | Hester Le Roux | Verjaarsdag | LV van Jaco Le Roux ZS6PX | ZS6PX |
| | 16-Mar | Michael Roodt ZS6BHF | Verjaarsdag | | ZS6BHF |
| | 18-Mar | Mari-Hette | Verjaarsdag | LV van Ian Jonker ZS4JIK | ZS4JIK |
| | 23-Mar | Hennie Jannasch | Verjaarsdag | Spruit van Erich Jannasch ZS4VW | ZS4VW |
| | 27-Mar | Sharon Schoeman | Verjaarsdag | LV van Ruaan Schoeman ZS6RMS | ZS6RMS |
| **April:** | 02-Apr | Henk Kruger ZS4NT | Verjaarsdag | | ZS4NT |
| | 05-Apr | Gideon Jannasch ZS4GJA | Verjaarsdag | | ZS4GJA |
| | 09-Apr | Corli Jannasch | Verjaarsdag | LV van Gideon ZS4GJA | ZS4GJA |
| | 13-Apr | Pierre Pretorius | Verjaarsdag | Seun van Peet Pretorius ZS4VP | ZS4VP |
| | 16-Apr | Rechard Preston ZU4RP | Verjaarsdag | Spruit van Marius ZS4MP | ZU4RP |
| | 17-Apr | Riaan ZS4PR en Amanda ZR6AGS | Huweliksherdenking | | ZS4PR |
| **Mei:** | 23-May | Yvonne Durand | Verjaarsdag | LV van Frans ZS4FD | ZS4FD |
| | 25-May | Ben de Waal ZS6ET | Verjaarsdag | | ZS6ET |
| | 28-May | Flip Britz ZS4GE | Verjaarsdag | | ZS4GE |
| | 30-May | Berna Jannasch | Verjaarsdag | Spuit van Gideon Jannasch ZS4GJA | ZS4GJA |
| **Junie:** | 01-Jun | Bianca Jonker | Verjaarsdag | Dogter van Ian ZS4JIK en Mari-hette Jonker | ZS4JIK |
| | 12-Jun | Gerald Smith ZS6IG | Verjaarsdag | | ZS6IG |
| | 22-Jun | Mariaka Pretorius | Verjaarsdag | Dogter van Peet Pretorius ZS4VP | ZS4VP |
| | 26-Jun | Henk ZS4NT en Ronnél ZR4RNL Kruger | Huweliksherdenking | | ZS4NT |
| | 27-Jun | Ruaan Schoeman ZR6RMS | Verjaarsdag | | ZS6RMS |
| | 29-Jun | Annatjie de Klerk | Verjaarsdag | LV van André de Klerk ZS4HTO | ZS4HTO |

***Klubhuis : Gouwsstraat 8, Vaalpark***
Sekretaris: ZS4SRK
Posbus 28194
Sonlandpark
1944

E-mail: zs4srk@gmail.com
And on Face Book for many event updates

**145.600 MHz Vaaldriehoek**
**145.6625 MHz (88.6Hz) N1**
**145.625 MHz (88.6Hz) N3**
**www.qsl.net/zs4srk**

| Van | Naam van lid | Roepsein |
|---|---|---|
| **Blignault** | Butch | ZS6XB |
| **Botha** | Johann | ZS6AXJ |
| **Cronjé** | Corné | ZU6C |
| **De Klerk** | Andre HTO | ZS4HTO |
| **Durand** | Frans | ZS4FD |
| **Greeff** | Riaan<br>Amanda | ZS4PR<br>ZR6AGS |
| **Greyling** | Jaco | ZS6JCO |
| **Greyling** | Maryka | ZU6MG |
| **Jannasch** | Erich | ZS4VW |
| **Jannasch** | Gideon, Corli, Berna, Frederich | ZS4GJA |
| **Jonker** | Ian, Mari-hette, Bianca, Chané | ZS4JIK |
| **Kriel** | Malcolm | ZS4SM |
| **Kruger** | Henk<br>Ronnél | ZS4NT<br>ZR4RNL |
| **Le Roux** | Jaco, Hes-ter, Isebel | ZS6PX |
| **Le Roux** | Hennie, Meinie | ZS6HLR |
| **Pretorius** | Peet, Ria, Pierre, Mari-aka | ZS4VP |
| **Preston** | Marius, Marie, Re-chard, Frieda-Marie | ZS4MP ZU4MA ZU4RP |

| | | |
|---|---|---|
| **Roodt** | Michael, Petro, Steven, Lida | ZS6BHF |
| **Roodt** | Louis | ZS6CAU |
| **Schoeman** | Ruaan<br>Sharon en<br>Rushane | ZS6RMS<br>ZU6SMS |
| **Steyn** | Johan<br>Marie | ZS4SS |
| **Taljaard** | Ockerd, Corrie,Kid, Corné | ZS4LZ<br>ZR4CT |
| **Van der Merwe** | Jaques | ZR6JA |
| **Visagie** | Andries | ZS6VL |
| **Wolff** | Frik | ZS6FZ |
| **Swart** | Blackie | ZS6BBF |
| **Burger** | Chris | ZS4CBS |
| **Venter** | Attie | |
| **Immelman** | Gary, Lorna, Quintin, Natalie | ZS6YI, ZS6IY, ZR6YI |

Die lede lyste is op datum gebring. Amanda gaan dit by die volgende klubvergadering ook sirkuleer sodat u dit kan nagaan en die nodige veranderinge kan aanbring. Die komitee bedank Marie en Amanda vir hul werk in hierdie verband.

Neem kennis:

1) Dit is elke lid se eie verantwoordelikheid om te sorg dat sy eie radio lisensie op datum bly. OKOSA vereis dat veranderinge skriftelik binne twee weke aan hulle deurgegee sal word.
2) Die klub sekretaris funksie word na die vorige komitee vergadering deur Amanda behartig tot iemand kan kom help.
3) Daar is tans vriende van die klub op die verjaardag lyste. Die beleid van die klub is om lede en oud lede op die lys te hou vir 'n jaar nadat die persone onaktief geword het. Sluit dus gerus weer aan.
4) Amanda het goeie vordering met die kwitansies gemaak. Kontak haar gerus rondom jou status as klub lid. Indien iets kort, of sy nie jou betaling kan opvolg nie, sal sy my jou skakel. As jy dus niks hoor nie, is jou sake in orde met die klub. Dankie.

**Amateur Radio in Aksie - Amateur Radio in Action - Are you Radio Active?**

# SASOLBURG RADIO KLUB

***Klubhuis : Gouwsstraat 8, Vaalpark***
Sekretaris: ZS4SRK
Posbus 28194
Sonlandpark
1944

E-mail: zs4srk@gmail.com
And on Face Book for many event updates

**145.600 MHz Vaaldriehoek**
**145.6625 MHz (88.6Hz) N1**
**145.625 MHz (88.6Hz) N3**
**www.qsl.net/zs4srk**

**Die ledelyste en die verjaarsdag datums is belangrik vir die nuuslesers. Die redaksie het die eerste ses maande se datums geplaas. Die volgende ses maande se lys sal in die volgende uitgawe verskyn. Kontak gerus vir Erich en Riaan sodat jou informasie op datum gebring kan word.**

Ons heet sommer ook almal welkom wat die afgelope tyd aangesluit het. Elke en enige klub is dit wat die lede daarvan maak! Ons komitee skep verskeie geleenthede om die lede kans te gee om in te skakel en deel te wees van die herhaler netwerk (Renosterkop Elandskop, Leeukop en Sasolburg).

**So is die klub ook 'n affiliasie van die Suid Afrikaanse Radio Liga. Ons neem deel aan die gereelde afdeling 6 herhaler werkgroepe omdat ons 'n sleutel is in die Suid Gauteng streek.**

Die klub spog ook met twee SARL Raadslede. Ons het ook in 2011 die SARL se AJV en Amateur Radio Konvensie in die Vaaldriehoek aangebied. Dit is tesame met ons buur klub ZS6VTB gedoen en was 'n reuse sukses.

**Ons is die gasheer vir twee nasionale kompetisies en is baie sigbaar in die land met ons aktiewe deelname aan al die kompetisies.**

Raak betrokke, bring jou radio's en kragbronne. Ons bied 'n herstel diens en dit maak vir heerlike klublid samesyn. Die vergaderings sluit gewoonlik af met 'n bring en braai, en dit gee die kans om mekaar beter te leer ken. Sien jou by die volgende klubvergadering!

**Lede van ons klub het ook 'n mosie of twee aan die SARL gestuur sodat sake wat amateur radio as 'n geheel raak, uitgelig kan word. Tans is daar dus vyf klublede wat saam gaan na Pinetown om die 2012 SARL AJV by te woon. Indien jy nog wil saamgaan, kontak gerus die redakteur om jou te help met die reëlings.**

Wat doen jy in jou stokperdjie? Die beste en lekkerste stokperdjie!

Deel jou ervaringe met ons, stuur foto's en skryf jou storie!

**Sien jou op die lug!**

# Interesssante webtuistes:

http://www.emergencyradio.ca/course/


Die website handel oor noodkommunikasie en ook 'n basiese Amateurradio kursus. Daar is ook 'n verskeidenheid van inligting wat kan afgelaai word wat as aanvullende materiaal gebruik kan word by ons kursus en sommer ook net interessante leesstof.

Hoe om Silwerplatering te doen :

Gaan kyk gerus by www.on7lr.org gaan na die "special" skakel bo aan die bladsy en kies dan aan die linkerkant silverplating. Die redes vir silwerplatering , die formule vir 50ml oplossing asook die wyse hoe die oplossing gemeng moet word word aangedui.

Suid Afrikaanse Radio Liga

Ons nasionale amateur radio organisasie wat alles en nog meer doen sodat amateur radio op verskeie vlakke beskerm en bedryf kan word. Hulle sorg vir lede, nie-lede en ook dat OKOSA en die regering bewus is van amateur radio met al die veelsydige fasette. Besoek www.sarl.org.za en sluit aan.




***Klubhuis : Gouwsstraat 8, Vaalpark***
Sekretaris: ZS4SRK
Posbus 28194
Sonlandpark
1944


E-mail: zs4srk@gmail.com
And on Face Book for
many event updates

**145.600 MHz Vaaldriehoek**
**145.6625 MHz (88.6Hz) N1**
**145.625 MHz (88.6Hz) N3**
**www.qsl.net/zs4srk**

Goeie Naand *(Per e-pos ontvang—Red)*
Hiermee die resultaat van die ondersoek om vas te stel of die 3 antenne op Elandskop wel sal funksioneer teen die beoogde frekwensie van 439.200 MHz uitsaai, soos bespeek 03/03/2012.
Soos julle kan sien, is die simulasie op 7m en 12m bo die grondoppervlak gedoen, eers soos dit was teen 438.600 MHz en toe vir 439.200 MHz.
Dit toon dat die antenne dus sal funksioneer op die nuwe frekwensie en eintlik beter sal funksioneer volgens die simulasie omdat dit nader aan die resonante frekwensie beweeg ( sien aanhegsel ).
Die ontwerp is mooi in die 50 Ohm area en SWR is gaaf, so jul is veilig.
Hoop dit sal jul te vrede stel.
73 De Ruaan Schoeman ZS6RMS (*Member of the self practising amateur radio club (Where politics does not come to play).*




| No. | F (MHz) | R (Ohm) | jX (Ohm) | SWR 50 | Gh dBd | Ga dBi | F/B dB | Elev. | Ground | Add H. | Polar. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 439.2 | 50.17 | -0.8883 | 1.02 | --- | 12.99 | 19.56 | 1.3 | Real | 7.0 | vert. |
| 3 | 439.2 | 50.17 | -0.8653 | 1.02 | --- | 13.31 | 19.56 | 0.8 | Real | 12.0 | vert. |
| 2 | 438.6 | 50.16 | -1.495 | 1.03 | --- | 12.98 | 19.47 | 1.4 | Real | 7.0 | vert. |
| 1 | 438.6 | 50.17 | -1.472 | 1.03 | --- | 13.3 | 19.47 | 0.8 | Real | 12.0 | vert. |






Die simulasies lyk sommer baie belowend vir ons applikasie.

Daar is tans 3 van hierdie antennas op Elandskop

**Amateur Radio in Aksie - Amateur Radio in Action - Are you Radio Active?**

# SASOLBURG RADIO KLUB

***Klubhuis : Gouwsstraat 8, Vaalpark***
Sekretaris: ZS4SRK
Posbus 28194
Sonlandpark
1944

E-mail: zs4srk@gmail.com
And on Face Book for many event updates

**145.600 MHz Vaaldriehoek**
**145.6625 MHz (88.6Hz) N1**
**145.625 MHz (88.6Hz) N3**
**www.qsl.net/zs4srk**

| Datum | Geleentheid | Informasie |
|---|---|---|
| **7 April 2012** | Maandelikse klubvergadering by ZS4PR | Riaan en Amanda |
| **12 April 2012** | SARL QRP Contest (40m CW SSB) | 14:00-17:00 CAT |
| **20-22 April 2012** | SARL AJV en Nasionale Radio Konfensie | Riaan Frik Gideon Frans Amanda |
| **5 Mei 2012** | Maandelikse klubvergadering by klubhuis | Gideon |
| **6 Mei 2012** | ZS3 Sprint (40m CW SSB) | 16:00-17:00 CAT |
| **12&13 Mei 2012** | Antique Wireless Association Valve QSO Party | 15:00-19:00 CAT |
| **20 Mei 2012** | ZS4 Sprint (40m CW SSB) | 16:00-17:00 CAT |
| **27 Mei 2012** | SARL Digital Contest (20m 40m 80m SSB) | 15:00-18:00 CAT |


**Ons kompetisie sameroeper en ondervoorsitter skryf die volgende:**

* ZS4Sprint word deur ons klub aangebied en is dus 'n klub aktiwiteit en lede moet voorstelle maak wat ons gaan doen en bestuur koördineer. Dit is belangrik dat ons 'n veldstasie iewers sommer dalk by klub huis opstel en as span werk . Wat van 'n laat Sondag middag potjie (nie SMS nie jong dink kospotte van Egipte ) en 'n baie ligte Stasie wat vinnig opslaan iewers en ons maak dit 'n lekker ZS4Sprint en al die ouens wat gewoonlik nie stasie beman nie doen die kompetisie , ons nooi ook vir Chris ZS4CBS en Jaco ZS6JCO, Jannie ZS6ZYM , of ZS4OIL dalk hou hulle daarvan en nou ja: hoe meer siele meer vreugde.

* Sarl Digitaal . Riaan het jy al gedink hoeveel van die klub se lede is regtig in staat en het sagteware om Digitaal te werk , baie min waarvan ek weet. Kan ons nie julle ouer meer ervare digitale operateurs vra om tydens die kompetisie vir die minder ervare ouens te help om te werk nie . Dit het twee voordele nl. klub samekoms en aktiwiteit asook punte vir SRK en dit help ook lede, dalk is daar iemand wat net die soort aanmoediging nodig het om te begin.

Bogenoemde is maar net idees maar ZS4Sprint is klub aktiwiteit en moet deur klub gedoen word.

73 & 88 daar onder jou antennas
Peet ZS4VP





**Temp control for PSU fan**

We present yet another quick and effective temperature controlled fan design. The concept is that the first Op-Amp is used as an voltage comparator. Thus the voltage across the thermistor is compared to the preset of the 1k on pin 7. the second Op-Amp acts as an inverting buffer amp that deliver around 20mA to the transistor and activates the relay. The contacts is that used to control any installed fan.— *ed.*

***Klubhuis : Gouwsstraat 8, Vaalpark***
Sekretaris: ZS4SRK
Posbus 28194
Sonlandpark
1944

E-mail: zs4srk@gmail.com
And on Face Book for
many event updates

**145.600 MHz Vaaldriehoek**
**145.6625 MHz (88.6Hz) N1**
**145.625 MHz (88.6Hz) N3**
**www.qsl.net/zs4srk**



## Technical quiz:

We all have a piece of equipment at our disposal. A section of the equipment is shown here.


1) Which equipment are we referring to?
2) What is the purpose of this circuit?

Send your answers to zs4srk@gmail.com

The winners and respondents will be acknowledged in the next QRX!

The second challenge:

1) Redraw the PBC layout below to show the electronic circuit diagram.
2) What application would it be used for?



**Amateur Radio in Aksie - Amateur Radio in Action - Are you Radio Active?**

**S A S O L B U R G   R A D I O   K L U B**

***Klubhuis : Gouwsstraat 8, Vaalpark***
Sekretaris: ZS4SRK
Posbus 28194
Sonlandpark
1944

E-mail: zs4srk@gmail.com
And on Face Book for many event updates

**145.600 MHz Vaaldriehoek**
**145.6625 MHz (88.6Hz) N1**
**145.625 MHz (88.6Hz) N3**
**www.qsl.net/zs4srk**

**Technical corner: Innovative multiband antenna not using traps—80/40/20 meters**

The inverted V configuration will be used and only one high point in necessary for the centre of the antenna. A portable mast or any other high structure like a tree could be used to hang the antenna from.

Any type of wire could be used but twin flex is flexible and make it easy to handle and store when not in use. The antenna could be used for 80 meters, 40 meters and 20 meters. Any other band one may prefer can be set up is the same way. Only cut the wire the right length to resonate on the frequency you chose.

**Things needed to build the antenna:**


- Wire proximity 42 metres. (Twin flex is cheap and works great.)
- Six isolators made from Perspex or any nonconductive material.
- Sufficient length of RG 58 coax cable one side ends with PL 259 plug.
- Electric plug lugs male and female. (Four pairs)
- One centre isolator where coax and two antenna elements could fit.
- Two pieces of rope.

**Method to follow:**

1) Fit the other end of the coax and two elements of antenna to the centre isolator and take care to waterproof the connections.
2) Cut the two 20 meter elements and isolate each end of the 20 m elements with isolators and put on a female lug to be able to connect to the 40 m part of the element after made it is made resonant.
3) Place the 40m element on the same isolator with a male lug connected to the 20 m piece and on the end another isolator where the 80m element will follow. Make the antenna resonant for 40m band.
4) Do the same for the 80 meter part of the antenna element and at the end a peace of rope.

To use on 20m, all the connectors must be open. On 40m the first pair of connectors must be closed. On 80 m all connectors must be closed.   Basically the connectors are now working as the traps of other antennas would function.

Compiled by ZS4VP,   73



QRX SASOLBURG RADIO KLUB

# Agterblad van die Kwartaal blad

April 2012

## Ons herhalers: Wat het gedoen en wat nog...

Die afgelope paar maande, en ja, selfs die afgelope paar jaar is daar baie teoretiese werk aan die herhalers gedoen. Ook het die klub die nodige kabel en toerusting bekom om die aanvanklike skade te herstel. Renosterkop is eerste. Dit is in Desember 2011 besoek en verskeie foute is uitgewys. Met die besoek van 31 Maart 2012 is die LMR400 opgetrek na die vier dipole op 30m HBA. Die UHF yagi's werk goed en die rapporte is wys dat dit baie suksesvol is. Gideon op Face Book: "Uit en tuis terug by die huis. Herhaler werk. Coax vervang met LMR400 geen laste en geen water. SWR 1.1 : 1. Het oppad terug met ZS6PHM van Potch gesels. Dankie vir almal wat gehelp het met toetse deur die dag. Dankie vir almal wat saam gegaan het, dit was 'n lekker dag. "

Maar 'n week later val al die seine vanaf die herhaler. Weer skiet die tegniese manne uit en bevind dat alles in order is, maar die sender se 20W het geval na 10W. 'n Slaggat en nuwe bande later is die herhaler teruggeneem na Ockerd op te ondersoek.

Volgende is dit dus terug na Renosterkop om dit terug te plaas, die UHF na te gaan en die nuwe frekwensie van 439.200 MHz op te stel. Daarna na Elandskop om dit op lyn te trek, en dan na Leeukop sodat dit ook op die nuwe frekwensie kan werk.



Intussen maak Ruaan en Ockerd planne om die skakel vanaf Welkom op te tel na Renosterkop. Dit sal daar in die nasionale netwerk inskakel en so kan ons uiteindelik in die toekoms deel wees van die groter prentjie!



Daar is ook APRS en ook die afdeling 6 herhaler werkgroep vergaderings wat voorlê.

Weereens: waar is jy as dit by hierdie klub take en vergaderings kom? Die uitnodiging is wyd en staan sterk! Kom word deel van die lekkerste klub in die streek!



